

BYLAAG A

VRAE WAT IN 'N ORGANISASIE SE AANMELDINGSVORM BENUT KAN WORD

1. Is daar enige persoon aan wie u baie geheg is, wat u in u vertrouwe kan neem en sonder wie u moeilik u lewe kan voorstel?
2. Is daar ander persone wat nie heeltemal so naby aan u is nie maar wie tog vir u belangrik is?
3. Verkry die volgende inligting ten opsigte van die individu wat geïdentifiseer is:
 - naam,
 - geslag,
 - ouderdom,
 - verwantskap,
 - geografiese nabyheid,
 - hoe lank ken hulle mekaar?
 - hoe hou hulle kontak (persoonlik, telefonies, briewe, kombinasie)?
 - tevredenheid met hoeveelheid kontak (begeer meer of minder, indien meer, wat verhoed meer kontak?),
 - wat doen die individu vir u?
 - is u tevrede met die tipe steun wat u ontvang?
 - is daar ander dinge wat die persoon vir u kan doen?
 - verleen u ook steun aan die individu, indien wel, wat?
4. Met u huidige vriendekring in ag genome, het u behoefte aan uitbreiding om aan onvervulde behoeftes te voldoen?
5. Is daar enige iemand in u vriendekring wat u nie voel nie deur die instansie gekontak moet word nie, wie en hoekom?
6. Is u lid van enige groepe of verenigings? Watter?
7. Ontvang u bystand van enige instansies? Watter instansie en watter dienste lewer hulle?

Bron: Biegel, Shore en Gordon (1986: 31)



BYLAAG B

VRAELYS GESKIK VIR GEBRUIK BY 'N WERKSWINKEL WAARTYDENS BEHOEFTEBEPALING, BEPLANNING EN ONTWIKKELING TEN OPSIGTE VAN GEMEENSKAPGEBASEERDE BEJAARDEVERSORGING GEDOEN WORD

1. Identifiseer drie hoofprobleme wat bejaardes in die gemeenskap ondervind?
2. Beantwoord ten opsigte van elke geïdentifiseerde probleem die volgende vrae:
 - Hoe hanteer die bejaardes die probleem?
 - Watter professionele diensleweringinstantie is die beste hulpbron om die probleem te hanteer?
 - Wat is die beste informele hulpbron?
 - Is daar voldoende hulpbronne om hierdie probleem te hanteer?
3. Watter struikelblokke verhoed moontlik dat bejaardes om van beskikbare hulp gebruik maak?
4. Is daar enige belangrike probleme waarvoor daar nie voldoende hulpbronne bestaan nie? Watter probleme? Wat dink u kan gedoen word om die probleme op te los?

Bron: Biegel, Shore en Gordon (1986: 34)